

Nadmi Morgan

---

## Willeboer en die Boere-Franse: mitifisering en ontugtering in Villebois-Mareuil se *Carnet de Campagne*

### Opsomming

Die herdenking van die Anglo-Boereoorlog bied aan navorsers die geleentheid om minder bekende en vergete tekste onder belangstellendes se aandag te bring. Goeie tekste deur buitelandse deelnemers aan die oorlog is skaars; Villebois-Mareuil se *Kampanje-joernaal* is die werk van 'n toegewyde soldaat, 'n skrywer in die reg en die model vir een van die bekendste silhoeëtte op die Franse verhoog, Cyrano de Bergerac. In hierdie artikel word daar gekonsentreer op Villebois se veranderende siening van die Boere. Die leser word voorsien van lang aanhalings uit die joernaal, waarvan die meeste vir die eerste keer in Afrikaans verskyn. Daaruit blyk dit dat Villebois se siening van die Boere gekleur word deur persoonlike oorwegings (sy behoefte aan militêre glorie, sy siening van die Boere as verloopte Franse). Wat Villebois en Bergerac gemeen het, en wat duidelik blyk uit sy veranderende siening van die Boer in hierdie joernaal, is 'n persoonlike strewende na uitmuntendheid en 'n geleidelike ontgogeling met die mense materiaal waarmee militêre glorie op die slagveld behaal moes word.

### Willeboer and the Boer French: Mythification and disillusionment in Villebois-Mareuil's *Carnet de Campagne*

The commemoration of the Anglo-Boer War provides researchers with an opportunity to publicise lesser known and forgotten texts. Worthy texts by foreign participants in the war are scarce; Villebois-Mareuil's *Carnet de Campagne* is the work of a dedicated soldier, an author in his own right and the model for one of the best-known figures on the French stage, Cyrano de Bergerac. This article focuses on Villebois's changing view of the Boers. The reader is provided with lengthy quotations from the war diary, for the most part accessible for the first time in Afrikaans. It becomes clear that Villebois's view of the Boers is coloured by personal considerations (his desire for military glory and his view of the Boers as distant descendants of the French). What Villebois and Bergerac have in common, and what becomes clear from his changing view of the Boers in this diary, is their personal striving for excellence and their gradual disillusionment with the human material by means of which military glory was to be achieved on the battle-field.

Dr N Morgan, Dept Afrikaans en Nederlands en Moderne Europese Tale, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Posbus 339, Bloemfontein 9300; E-pos: [morgan@unisa.ac.za](mailto:morgan@unisa.ac.za)

*Ja, julle stroop my van alles, die lourierkrans en die roos!  
Stroop maar! Daar is tog, ten spyte van julle, iets  
Wat ek saamneem, en vandaan, wanneer ek by God ingaan,  
Sal my buiggroet ver oor die blou drumpel vee,  
Iets wat ek plooieloos, vlekkeloos,  
Saamneem, ten spyte van julle,*

(Hy hardloop vorentoe, met die swaard hoog bokant sy kop)  
*en dit is ...*

(Die swaard val uit sy hande, hy struikel, val in Le Bret en Ragueneau se arms).  
ROXANE, buig oor hom en soen sy voorkop.

*Dit is? ...*

CYRANO, maak weer sy oë oop, herken haar en sê, met 'n glimlag.  
*My pluim.<sup>1</sup>*

**A**an die woord is die legendariese, flambojante swaardvegter met die lang neus, Cyrano de Bergerac, geskep deur Edmond Rostand, neef van veggeneraal graaf Georges Henri Anne-Marie de Villebois-Mareuil (ook genoem die Franse kolonel).<sup>2</sup> Die Franse dramaturg het in 1903 (drie jaar na Villebois-Mareuil se dood) daarop gesinspeel dat hy die inspirasie was vir die gewilde toneelstuk<sup>3</sup> van dieselfde naam. Villebois-Mareuil,<sup>4</sup> wat uiteindelik die opperbevel oor die Internasionale Legioen sou voer,<sup>5</sup> het

- 1 *Oui, vous m'arrachez tout, le laurier et la rose! Arrachez! Il y a malgré vous quelque chose! Que j'emporte, et ce soir, quand j'entrerai chez Dieu, / Mon salut balaitera largement le seuil bleu / Quelque chose que sans un pli, sans une tache, j'emporte malgré vous, / (Il s'élançait l'épée haute). / et c'est ... / (L'épée s'échappe de ses mains, il chancelle, tombe dans les bras de Le Bret et de Ragueneau.) / ROXANE, se penchant sur lui et lui baisant le front. / C'est? ... / CYRANO, rouvre les yeux, la reconnaît et dit en souriant. / Mon panache. (Rostand 1911: 215).*
- 2 Omdat die Boere alleen met moeite Villebois se naam kon uitspreek, is hy soms Willeboer genoem.
- 3 Macnab 1975: *Inleiding*. Cyrano de Bergerac is die perfekte kombinasie van moed en verfyndheid, 'n dapper vegter en 'n digter. Hy stel hoë eise aan homself en aan die samelewing, en betaal uiteindelik met sy lewe vir sy uitsprake. Daar is reeds talle filmweergawes van die toneelstuk gemaak; die interpretasie van Gérard Dépardieu, onder leiding van regisseur Jean-Paul Rappeneau, is waarskynlik die een wat die publiek sal bybly.
- 4 Voortaan in hierdie teks Villebois genoem.
- 5 Macnab 1975: *Inleiding*.

gedurende die paar maande van sy deelname aan die Anglo-Boereoorlog<sup>6</sup> boek gehou van sy indrukke van die land en sy mense. Sy *Kampanje-joernaal* of *Carnet de Campagne*,<sup>7</sup> met inskrywings van 24 November 1899 tot 4 April 1900, gee die leser 'n unieke blik op die Boere en hul aanvanklike benadering tot die oorlog deur die oë van 'n professionele offisier uit die ou Franse skool. Villebois het nie alleen sy opleiding gekry aan die bekende St Cyr Militêre Akademie nie: sy opvatting oor ridderskap (in sy brief aan dr Willem Leyds, die Boere-gesant in Brussel, bied Villebois simbolies sy *swaard* aan, nie sy *geweer* nie) sou noodwendig sy siening van die Boere beïnvloed. Die *Kampanje-Joernaal* is dus 'n portret van die Boere, maar ook 'n selfportret. In hierdie analise van geselekteerde uittreksels<sup>8</sup> wil die ondersoeker aantoon in watter mate die twee portrette mekaar komplementeer.

## 1 Portretgalery

### 1.1 Naamlose Boere

Villebois sien sy eerste Boer op Suid-Afrikaanse grond op 24 November 1899, en maak daarvan 'n nota in sy joernaal. In die toneelstuk *veg Bergerac* by die Tour de Nesle teen 'n oormag van 'n honderd man; Villebois merk op sy beurt op dat die jong Boer en twee van sy kamerade vyf en twintig Britse gevangenes vergesel. Die jong Boere het opdrag om te polisieer en te begelei. Hy vind dat hulle

6 Kort na sy aankoms in Suid-Afrika haas Villebois hom na die Natalse front met die hoop om daar 'n aktiewe rol op die slagveld te speel. Onverrigter sake vertrek hy vervolgens na verskeie bestemmings in die Vrystaat, en droom van glorie by die beleg van Kimberley. Op 5 April 1900 sterf hy buite Boshof tydens 'n manmoedige poging om 'n Engelse oormag te verslaan.

7 De Villebois-Mareuil 1902, voortaan in voetnote verkort na VM plus die bladsynommer.

8 Alle vertalings uit die oorspronklike Franse teks (waarvan sommige vir die eerste keer in Afrikaans), is deur die outeur van hierdie artikel. Graag bedank ek dr E M Visagie vir sy deskundige proeflees van die vertalings uit Frans na Afrikaans.

beleefd, eenvoudig, nie senuweeagtig is nie, al hierdie Boere is verbasend kalm ten spyte van hul sukses, maar spoeg vuur teenoor die Engelse.<sup>9</sup>

Die Boere is almal, van die offisiere tot die soldate, baie lank, goed gebou, en uitstekende ruiters.<sup>10</sup>

Die buitengewone Boere wat hy teëkom, se name word soos dié van veldslae aan die begin van die paragraaf geplaas, gevolg deur uitroeptekens ("Ewald Esselen!",<sup>11</sup> "Jacob van Wyk!",<sup>12</sup> op 3 Januarie). Hierteenoor word 'n bekende figuur soos generaal Piet Joubert minder entoesiasies vermeld, omdat hy 'n politikus is, niks van oorlog verstaan nie en, wat Villebois betref, "maar by Ladysmith kan muf"<sup>13</sup> (7 Januarie 1900).

## 1.2 Bekende Boere

Op 27 November 1899 ontmoet Villebois die staatsekretaris, F W Reitz wat, soos ander invloedryke persone voor hom, die Franse kolonel se dienste aanvaar en hom beskou as gas van die regering. Na 'n tweede ontmoeting met Reitz beskryf Villebois hom op 8 Desember 1899 as

Baie intelligent, goed opgevoed, hy praat redelik Frans en het 'n goeie kennis van ons geskiedenis. Hy het Richelieu sterk geprys omwille van ene Plessis, 'n Franse vlugteling in die Transvaal, wat volgens hom iewers in sy voorgeslagte 'n bloedverwantskap met die groot kardinaal gehad het.<sup>14</sup>

Op 27 November 1899 sien Villebois die eerste keer vir Kruger, die gesig wat deur illustrasies en foto's in die oorsese pers bekend gemaak is, des te meer herkenbaar danksy sy pluiskeel waarvan hy

9 Polis, simples, pas emballés, rous ces Boers sont étonnants de calme dans le succès, mais enragés contre les Anglais (VM 4).

10 VM 34.

11 VM 111.

12 VM 112.

13 peut continuer à moisir autour de Ladysmith (VM 132).

14 Très intelligent, très instruit, il parle suffisamment français et connaît bien notre histoire. Il m'a fait un grand éloge de Richelieu à propos d'un Plessis, réfugié français au Transvaal, qu'il suppose avoir eu dans son ascendance une parenté avec le grand cardinal (VM 31-2).

blykbaar onafskeidbaar is. 'n Paar dae later ontmoet hy Kruger persoonlik. Die president skep 'n indruk van onveranderlikheid, ook wat sy kleredrag betref: met sy pluiskel, lang swart jas en donkerbril sit hy onder 'n priemel sy hartseer en verwerk oor die moord op verskeie van sy vriende in die Rustenburg-distrik.<sup>15</sup>

Hy het 'n diep stem, sy opmerkings is juis en lewendig, en hy besit die gesag van iemand met 'n reuse intellek en onstnitbare energie. [...] hy praat energiek en reguit, en snydend oor die Engelse op wie al sy haat gekonsentreer is en wie se taal hy ken, al gee hy voor dat hy dit nie verstaan nie. Hy druk homself veral bondig en presies uit, sonder hoogdrawendheid; daar is geen vrees of hoop agter sy woorde nie; hy is onverbiddelek en gepynigd, want sy plig neem nou al sy aandag in beslag; geen oorwinning kan sy hartseer oor die vaderland se verliese verlig nie. Die leuens in die Engelse koerante maak hom toornig; hy wil by my weet of dit in Frankyk herhaal word.<sup>16</sup>

Op 6 Maart 1900 sou hy weer 'n gedetailleerde portret van Kruger gee:

Hy was in swart geklee deur 'n snyer wat duidelik niks Engels aan hom gehad het nie, met die ewige ou pluiskel op sy kop, die eerste ding wat hy op sy kop sit wanneer hy wakker word, soos hy mer 'n kroon sou gedoen her, en wat hy nie afhaal totdat hy die aand gaan slaap nie.<sup>17</sup>

Villebois het 'n sin vir die dramatiese en die tragiese: die vlugtende president, met sy onwaarskynlike hoofbedekking, uit wie se praat daar afgelei kan word dat hy as jagter elke koppie ken, roer

15 VM 36-7.

16 Il a la voix profonde, la réflexion juste et vive, l'autorité que donnent la vaste pensée et l'indomptable énergie. [...] il parle avec énergie et rudesse, très âpre contre les Anglais qui ont toute sa haine et dont il sait la langue qu'il feint de ne pas comprendre. Surtout il s'exprime brièvement et avec précision, sans emphase; ses paroles ne décèlent ni la crainte ni l'espoir; il est implacable et douloureux parce qu'il est tout à son devoir; aucun succès ne peut apaiser la tristesse que lui causent les pertes de la patrie. Les mensonges des journaux anglais sur les événements l'exaspèrent; il me demande s'ils sont reproduits en France (VM 37).

17 Il était là vêtu de noir par un tailleur qui certes n'avait rien d'anglais, coiffé de l'immuable vieux haut-de-forme qu'il pose sur sa tête comme premier acte à son réveil, comme il coifferait une couronne, et qu'il ne quitte plus jusqu'à ce qu'il s'endorme le soir (VM 310).

hom. Terwyl Kruger se muile galop in die rigting van Abrahamskraal, "het dit gelyk soos die lot van die twee Republieke op die vlug voor die opnuut triomfantelike Groot-Brittanje".<sup>18</sup>

Villebois se skrywersoog teken detail aan, soos die volgende beskrywing van generaal Du Toit, op 26 Januarie 1900: "elegant, slank, jonk, met 'n swart baard, baie ryk, Volksraadslid",<sup>19</sup> maar uiteindelik is sy enigste kriterium toewyding aan die militêre saak. Hy bewonder Du Toit omdat hy in hom 'n sielsgenoot herken, "een van diegene, oortuig van hul militêre plig, wat 'n weeromag eer aandoen".<sup>20</sup>

In teenstelling met die elegante Du Toit, skilder die Franse kolonel op 29 Januarie die volgende portret van generaal Cronjé:

Generaal Cronjé, geklee in 'n bruin baadjie wat al groen is van die ouderdom, en 'n los broek, met 'n wye, grys hoed, sy rug effe geboë, lyk hoegenaamd nie na wat ons in Frankryk 'n generaal sou noem nie. Wanneer hy op sy perd verbygalop, lig die Boere uit respek hul hoede. Dit is sy kop eerder as die res wat tekenend van 'n bevelvoerder is; dis 'n soldaat wat duidelik sien wat gedoen moet word en wat selfversekerd lyk. Dis verfrissend anders as bevelvoerders wie se verantwoordelikheid by groot maneuvres die manskappe laat beef.<sup>21</sup>

Op 5 Maart, met Britse troepe op pad na Bloemfontein en die gevaar van omsingeling 'n dreigende werklikheid, bespreek Villebois hul swak posisie met Philip Botha,<sup>22</sup> wat saamstem dat dit kritiek is.

18 on eût dit la fortune des deux Républiques en déroute devant celle de la Grande-Bretagne redevenue désormais triomphante (VM 311).

19 élégant, mince, jeune, avec une barbe noire, très riche, membre du Volksraad (VM 206).

20 un de ces convaincus du devoir militaire qui font honneur à une armée (VM 207).

21 Le général Cronjé, vêtu d'un paletot que le temps a fait plus vert que noisette, et d'un pantalon flottant, coiffé d'un large chapeau gris, le dos un peu voûté, ne représente en rien ce qu'on est convenu d'appeler chez nous un général. Il va au rout petit galop de son cheval, tandis que les Boers ôtent respectueusement leur chapeau! La tête chez lui, à côté du reste, exprime bien le commandement; c'est un soldat qui voit clair en paraît sûr de lui. Cela nous change de tant de chefs que leur responsabilité aux grandes manoeuvres fait trembler (VM 214-5).

22 Broer van generaal Louis Botha.

Op 6 Maart luister generaal De Wet met 'n minder simpatieke oor: Villebois se opinie van hom is dat hy ook gesus word deur “daardie ondeurgrondelike gevoel van sekuriteit eie aan die Boere, waarvan 'n mens nie weet of dit uit apatiese geveinsdheid of uit totale onverskilligheid is nie”.<sup>23</sup>

## 2 Opkoms en val van die Boerevolk volgens Villebois-Mareuil

Die terapeutiese funksie van die *Joernaal* is om boek te hou van die stappe wat deur die aanvanklik optimistiese Villebois gevolg word om die Boere van die geldigheid van sy militêre strategieë te oortuig:

Ek besef dat ek alleen van nut sal kan wees en myself aanvaarbaar sal kan maak deur 'n ongekompliseerde, gereserveerde houding. My raad sal aanvanklik glad nie opdringerig moet wees nie. Ek dink nogtans dat ek met takt en volharding die Boere tot diens sal kan wees.<sup>24</sup>

### 2.1 Edel barbare

Villebois is soldaat in murg en been, maar glo dat 'n oorlog tussen here geveg moet word. Op hierdie punt faal die Britte jammerlik. Die inskrywing van 26 November bevat 'n verwysing na die Boere se inname van Dundee, en hul toegeeflike behandeling van die Britse gevangenes:

Die gevangenes, 9 offisiere en 200 soldate, is na Pretoria gestuur waar hulle sonder skeldtaal ontvang en baie goed behandel is, terwyl die Boere-gevangenes beledig is in Ladysmith.<sup>25</sup>

- 23 cette insondable sécurité du Boer, dont on ne sait s'il la feint par besoin d'inertie ou s'il l'éprouve par incomensurable insouciance (VM 307).
- 24 Je me rends compte que je ne me rendrai utile qu'en me montrant très simple et réservé pour me faire accepter et que mes conseils devront être, au début, des moins insistants. Je crois, néanmoins, qu'avec du tact et de la persévérance je réussirai à rendre aux Boers quelques services (VM 8).
- 25 Les prisonniers, 9 officiers et 200 soldats, envoyés à Pretoria, y furent reçus sans un cri et très bien traités, alors que les prisonniers boers avaient été insultés à Ladysmith (VM 11).

Die Boere verskaf selfs 'n voetbal vir die Britte se tydverdryf. Daarenteen maak die Britte gedurende die stryd onophoudelik misbruik van die wit vlag om hul troepe uit moeilike situasies te red of as voorwendsel dat vroue en kinders beskerm moes word. Villebois maak 'n aantekening van elke voorbeeld van onwaardige, onridderslike optrede aan Britse kant, ook van dit waarvan hy nie ooggetuie was nie, soos op 30 Oktober 1899 (Villebois kom op 25 November 1899 per trein in Pretoria aan):

[...] die soldate van 'n lansierregiment [het] afgestorm op Boere wat oorgegee het of gewond was en geskreeu: Geen genade vir julle nie, julle vervloekte Boere!<sup>26</sup>

Die ridderlike Boere sou by Modderspruit, ten noordweste van Ladysmith, wraak neem vir hierdie skandelige daad en die Britte so 'n skrik op die lyf jaag dat hul ruitery volgens die *Joernaal* geweier het om die dorp te verlaat. Na die slag van Colenso maak Villebois weer 'n aantekening van die Boere se simpatieke stilte teenoor die Britse gevangenes, aan wie hulle ook iers te drinke aanbied.<sup>27</sup> Tot op die laaste bladsy sou dit sy troosprys aan die Boere wees: swak strateë, maar "here". Want Villebois, wat met sy aankoms in Suid-Afrika reeds diens gedoen het in Viëtnam, Tunisië en die Balkan, is ook 'n soort amateur-etnoloog. Daarvan getuig die lang inskrywings van wat hy gedurende die laaste paar maande van sy lewe onder sy vergrootglas gesien het. Aanvanklik ken hy, soos die plaaslike geneeshere, byna bomenslike kwaliteite aan die Boere toe:

Daar is iets so ongelooflik hier — is dit die lug van die land? is dit die Boerebloed? — dokters is verstom deur die genesings.<sup>28</sup>

Die insiggewendste gedeeltes is sekerlik dié waarin Villebois met 'n skrywers-, sielkundige en filosofiese oog analiseer. Op 8 Desember 1899 skryf hy:

- 26 le 30 octobre, les soldats d'un régiment de lanciers se précipitaient sur les Boers qui s'étaient rendus ou qui étaient blessés et leur criaient: No mercy for you, damned Boers! (VM 13).
- 27 VM 60.
- 28 Il y a ici quelque chose de si extraordinaire — est-ce l'air du pays? est-ce le sang des Boers? — que les guérisons stupéfient les médecins (VM 21).



## Morgan/Willeboer en die Boere-Franse

Die Boere is in die eerste plek vry, bewus van hul regte, gereed om dié teen die owerhede te verdedig, maar onderdanig sodra die belange van die vaderland in die bedrang kom, gereed om te sterf vir hul onafhanklikheid.<sup>29</sup>

In sy 1998-geskiedenis van die Anglo-Boereoorlog som die Franse historikus, Bernard Lugan (1998: 125), die verskille op tussen die Boere-volkseleër en 'n tradisionele Europese leër — 'n analise waarin lewensoffer ter wille van onafhanklikheid minder voor die hand liggend voorkom:

[...] daar was geen tradisies nie: buiten vir gesange was weermag-  
liedere iets onbekends, en uniforms was verban. Daarby was selfs die  
idee van 'n 'goeie' oorlog of heroïese weerstand tot die laaste man  
toe totaal vreemd vir hierdie volk vir wie die uiteinde nie opoffering  
was nie, maar die oorlewing van die gemeenskap.

Dit is waarom die Boere selde aanhou veg het wanneer hulle nie  
vinnig 'n vyandelike posisie kon inneem nie. Om dieselfde rede het  
hulle nie gewag om omsingel te word voordat hulle teruggetrek het  
nie, behalwe in oorloë teen die swartes, waar daar laer getrek is  
waarteen die aanvalsgolwe van die asgaai-draende vegters kom  
breek het. In 'n moderne oorlog sou so 'n beginsel selfmoord gewees  
het, soos die rampspoedige nederlaag van generaal Cronjé by  
Paardeberg op 17 Februarie 1900 maar al te duidelik bewys het.<sup>30</sup>

- 29 Les Boers sont avant tout des hommes libres, ayant conscience de leurs droits, hardis contre l'autorité pour les défendre, mais respectueux dès que l'intérêt de la patrie est en jeu et, en toute occasion, prêts à se faire tuer pour leur indépendance (VM 33).
- 30 [...] les traditions y étaient inexistantes, les chants inconnus, en dehors des chants religieux, les uniformes bannis. De plus, l'idée même d'une 'belle' guerre ou d'une héroïque résistance jusqu'au dernier homme était totalement étrangère à ce peuple pour lequel la seule finalité n'était pas le sacrifice, mais la survie de la communauté.
- C'est pourquoi les Boers n'insistaient que rarement quand ils ne parvenaient pas à s'emparer rapidement d'une position ennemie. De même, ils n'attendaient pas d'être encerclés pour se replier, sauf dans les guerres contre les peuples noirs, quand ils constituaient des laagers (cercles de chariots) sur lesquels les vagues d'assaut des guerriers armés de lances venaient se briser. Dans une guerre moderne, un tel principe eût été suicidaire et la désastreuse défaite du général Cronjé à Paardeberg, le 17 février 1900, le démontrera d'une manière éloquent.

Op 21 Desember teken Villebois 'n gesprek met dr F V Engelenburg en advokaat H B Sauer in sy joernaal aan:

[...] ek meen dat die Boere die vryheids- en militêre idees van die edelmanne van ouds behou het, dat hulle van nature soldate is, gekant teen enige vorm van inperking of belasting, gelyk onder mekaar, maar aristokraties wanneer dit kom by buitelanders; dat hulle die feodale gebruike van trou russe vryburgers bewaar het, dat hulle hul regte koester, die owerhede eerbiedig, maar daarvan bewus is dat laasgenoemde hulle moet dien en danksy hulle bestaan.<sup>31</sup>

Sy verwysings na Boerevryheid ontwikkel mettertyd tot 'n soort *Leitmotiv* waarvan die aanvanklik positiewe toon die Boere as vrye volk in die Rousseauïstiese sin definieer. Maar onder die vry, ongebonde Boere is daar ook sy ordonnans "Papessfuss"<sup>32</sup>(Papenfus) wat ongehinderd voortsloop in sy wa terwyl die kolonel se toom breek en sy perd weghardloop met 'n stukkende halter. Hy word beleefd tereggewys, want "daar moet onthou word dat Boere vry is en dat gelykheid selfs binne die rangorde bestaan".<sup>33</sup>

Teen 25 Desember beteken die Boere se ou-wêreldsheid vir Villebois eerder die toepassing van verstokte militêre idees, wat alleen tydelik kan vrugte afwerp omdat die Britte onwaardige teenstanders is:

Verder is daar niks vreemder as hierdie oorlog tussen mense wat staan op hul onderskeidelike posisies met geen bedoeling om daaruit verjaag te word nie; dis 'n statiese oorlog, soos dié van tweehonderd jaar gelede, want alles omtrent die Boere se idees en prosedures is antiek, en hul opponente se onbekwaamheid maak hulle meester van die operasies!<sup>34</sup>

- 31 [...] je prétends que les Boers sont restés avec les idées libres et militaires des anciens gentilshommes, naturellement soldats et hostiles à toute gêne, à tout impôt, égalitaires entre eux, mais aristocratiques à l'égard des étrangers; qu'ils ont conservés des habitudes de leudes féodaux, jaloux de leurs droits, déferents envers l'autorité mais la sachant leur chose, grâce à eux (VM 66-7).
- 32 VM 49 [*sic*].
- 33 il faut se rappeler que les Boers sont libres et que l'égalité subsiste même dans le rang (VM 49).
- 34 Rien n'est d'ailleurs plus étrange que cette guerre entre gens qui gardent leurs positions respectives sans prétendre s'en débusquer; c'est la guerre immobile, celle d'il y a deux cents ans, car tout est antique dans les idées comme dans les procédés des Boers, et l'incapacité de leurs adversaires les rend maîtres des opérations! (VM 82-3).

Selfs die felste kritiek op Boere-passiwiteit bevat egter vertederende detail oor sy onwaarskynlike kampgenote:

Verder is hulle baie stiptelik, hoe die weer ookal is, wanneer dit hul nagskofbeurt is. Dit is roerend om te sien hoe hulle met hul dun klere, hul rûe geboë in die gietende reën, hulle saans tussen vyf- en sesuur stoisyns aanmeld by die voorposte waar hulle die nag gaan deurbring. Party het reënjasse; die meeste het net hul baadjie; hulle loop in klein groepies al langs die spoor af, sommige te voet, die ander te perd, en aan hul waardige erns kan 'n mens sien dat hulle 'n gewetenstaak verrig.<sup>35</sup>

Die Boere laat hulle nie beïnvloed nie, teken hy verder aan. Hulle het veel goeie eienskappe, maar is ook hardkoppig.<sup>36</sup>

Die onwaarskynlike versoening van gelykheid en hiërargie sou uiteindelik die grootste struikelblok vir Villebois word, dat hy in so 'n mate die bevel sou aanvra oor Franse soldate uit dieselfde militêre agtergrond ter vorming van 'n *corps d'élite* waarmee hy op vreemde slagvelde Frankryk se militêre glorie wou herstel. Bernard Lugan (1998: 128) deel Villebois se verbasing met die werking van die Boere se kommandosisteem:

Manskappe kon op enige tydstip die keuse van 'n leier betwis en aandrang dat hy vervang word, wat natuurlik nie sonder probleme gepaard gegaan het nie en die verbasing uitgelok het van die Europese offisiere wat aan die Boere se kant kom veg het [...]<sup>37</sup>

Villebois se onwillekeurige soeke na 'n meer bekende hiërargie in sy nuwe tuiste lei tot die ontdekking van 'n soort aristokrasie gebaseer op dienslewering aan die vaderland, wat in die Transvaal

35 Ils sont, d'ailleurs, très ponctuels, quelque temps qu'il fasse, pour prendre leur service de nuit. Il est touchant de les voir vêtus se mince, courbant le dos sous la pluie lourde, se rendre stoïquement aux avant-postes entre cinq et six heures du soir pour y passer la nuit. Quelques-uns ont des caoutchoucs; la plupart n'ont que leur veste; ils s'en vont par petits groupes le long de la voie, les uns à pied, les autres à cheval, et l'on sent bien, à leur gravité digne, qu'ils remplissent un devoir de conscience (VM 90).

36 VM 91.

37 Les hommes du rang pouvaient à tout moment contester un chef et exiger son remplacement, ce qui n'allait évidemment pas sans poser des problèmes et qui provoqua la stupéfaction des officiers européens venus combattre aux côtés des Boers.

(waar hy hom op 8 Desember, datum van die inskrywing) bevind, beteken dat die Pretoriusse en die Krugers hulself op die hoogste vlak bevind. Hy beskou dit egter nie as 'n egte klassestelsel nie, hoofsaaklik omdat daar geen afstand tussen ryk en arm was nie.<sup>38</sup> Hy vind hierdie morele (eerder as sosiale) gelykheid terug in die range van die Leër: onder die artilleriste kon selfs 'n eenvoudige, ondergeskikte kanonnier sy waardigheid teenoor 'n gerespekteerde, hoër offisier behou.<sup>39</sup> Hierdie positiewe voorbeeld van menswaardigheid kniehalter egter mettertyd Villebois se pogings om 'n meer offensiewe wending aan die oorlog te gee: sy strategieë sou geduldig en eerbiedig aangehoor en geïgnoreer word indien 'n Boere-generaal nie reeds tot dieselfde gevolgtrekking gekom het nie. Hiërargie was binne die Suid-Afrikaanse konteks van 1899 'n oorlogsnoodwendigheid, maar na afloop daarvan sou absolute gelykheid weer heers. Villebois is in hierdie opsig 'n interessante produk van die Franse geskiedenis, bewus van hiërargie, maar met waardering vir die gelykheidsbeginsel.

Villebois se aantekeninge oor swartes is meesal negatief en ont-daan van antropologiese of sosiologiese ontleding; die Boere is die edel barbare wie se inherente luiheid en gebrek aan belangstelling in natuurbewaring en 'n ekologiese balans ten minste gebalanseer word deur hul sin vir gesinswaardes, hul legendariese gasvryheid, en die nederige eise wat hulle aan die lewe stel:

Die Boer leef gelukkig op sy kommerlose manier, solank hy maar sy koffie het, sy pyp en die tabak wat op sy grond groei. Hy bly ruis by sy gesin, in 'n sittende posisie of gehurk, met sy oog op die pad, wink reisigers nader vir 'n geselsie, en maak staat op sy vrou wie se wakker brein dikwels namens hom moet dink. Tyd besraan nie in hierdie lewe wat ondergeskik is aan persoonlike gemak nie, nog minder die prikkel van 'n geleentheid wat verbygaan. Die Boer stel besluite onbepaald uit. As hy veld toe gaan om wild te skiet, doen hy dit sonder haas: 'n halwe dag gaan verby voordat hy ry, hy gesels en gee uiteindelik net toe aan dringende noodsaak. Jag is vir hom soos 'n oorstap na die Liewe Vader se slaghuis, eerder as 'n sport. Die Boere is wel lief vir hul diere; hulle bekyk hulle liefderyk; saans wanneer die diere van die veld af terugkom, word hulle met die oog getel en dadelik herken; dis hul fortuin wat daar loop, wat floreer

38 VM 33.

39 VM 33.

en vermeerder sonder dat dit hulle moeite kos, of wat die groot trekke noodsaak waarvan hulle soveel hou, wanneer die wa 'n bewegende woonhuis word wat pas by hul voorliefde vir niksdoen en hul gewoontes en 'n bietjie afleiding bring in die eentonigheid van hul bestaan.<sup>40</sup>

Villebois is asof verskeur tussen sy geloof in noodsaaklike vooruitgang en sy idee dat hierdie landelike kenmerke alleen bewaar kan word in 'n onveranderlike wêreld agter glas:

Ek weet nie of die Boere se seuns 'n smaak sal ontwikkel vir ons wetenskaplike, rompslomperige aansprake nie, maar dan sal hulle nie meer Boere wees nie. Wat eie is aan die peinsende wese wat in sy eie wêreld leef, ongekompliseerd en regverdig optree wanneer dit gaan oor dinge binne sy kompetensie, is om die gekompliseerde en vitterige nutteloosede waaruit ons lewens bestaan, eenkant toe te skuif. Sulke vreedsame familietradisies, en die onbetwisbare invloed van die moeder des huises kan nie staande bly voor die sorges en probleme waarmee ons graag ons lewens vul nie. Die familieband sal dan vervang word deur 'n verskeidenheid persoonlikhede en gewoontes. Indien die beskawing sou toeslaan op hierdie volwasse geworde land, sou dit dieselfde werk doen as elders, dit sou die land se geloof en praktyke verwoes, en dit leegtap van alles wat dit kon gee en dit, in ruil daarvoor, laat met die ontgogeling van volkere wat gearriveer het.<sup>41</sup>

40 Le Boer vit heureux de son farniente pourvu qu'il ait son café, une pipe, du tabac qui pousse sur sa terre. Il reste en famille, assis, accroupi, l'oeil à la route, happant le voyageur pour une causerie, confiant dans sa femme dont l'esprit plus alerte pense souvent pour le sien. Le temps n'existe pas, d'ailleurs, dans cette vie libre subordonnée à la seule commodité personnelle non plus que le stimulant de l'occasion qui va passer. Le Boer s'attarde indéfiniment à une décision. S'il s'engage dans la campagne pour tuer du gibier, il prend son temps: la demi-journée se passe avant qu'il parte, il bavarde et ne cède enfin qu'à la nécessité urgente. La chasse est pour lui comme un passage à la grande boucherie du bon Dieu, plus qu'un sport. Ce que les Boers aiment, c'est leurs bêtes; ils les enveloppent d'un regard caressant; au soir, lors de la rentrée de l'herbage, leur oeil les compte, les reconnaît sans jamais s'y tromper; c'est leur fortune qui marche, prospère et s'accroît sans leur demander de peine ou en occasionnant ces grandes migrations qu'il aiment, où le wagon devient une demeure ambulante, respectant leur farniente, leurs habitudes et mettant une distraction dans la monotonie de leur existence (VM 225-7).

41 J'ignore si les fils des Boers prendront goût à nos prétentions scientifiques et paperassières, mais alors ce ne seront plus des Boers. Le propre de l'être contemplatif, engourdi sur lui-même, simple et droit aux choses de sa

Hierdie uitgebreide ontleding van die Boere-spesie moet gesien word as deel van die outeur se soeke na regverdiging vir sy eie deelname aan die konflik. Sou dit vir hierdie Cartesiese Galliër, wie se geloof in die onaantasbaarheid van die Leër sodanig was dat hy bereid was om die onskuldige Dreyfus daarvoor op te offer, en vir wie 'n sinvolle lewe gelykstaande was aan militêre glorie, aanvaarbaar wees om die Boere se reg op 'n geïsoleerde, primitiewe voortbestaan te verdedig? Die ontdekking van die ware aard van sy geïdealiseerde Boere-Franse en die gevolglike ontgogeling met die onwaardige slagveld waarop hy hom bevind het, is miskien een van die redes vir sy doodsveragterende (en volgens sommige, onverantwoordelike) laaste verset by Boshof, asof 'n uiterste poging nodig was om die skynbare nuttelosheid van sy koms na Suid-Afrika te regverdig. Daar is iets poëties aan die onnodige heldhaftigheid van 5 April 1900, wat nuwe betekenis gee aan die Voltairiaanse idee van *superflu nécessaire*,<sup>42</sup> 'n paslike einde vir die model van Cyrano de Bergerac. In die volgende aanhaling herinner die opvallende verwysing na hartstog die leser aan die ander, minder belangrike rede waarom Villebois na Suid-Afrika gekom het, naamlik om die dreigende skandaal van sy verhouding met 'n getroude Paryse vrou, Madame Hochon, te ontvlug:

Wat vir die Burger die belangrikste is, is dat hy absoluut vry is, omdat die ruimte aan hom behoort, sy buurman hom nie pla nie en die regering nog minder. Vry is hy ongetwyfeld, maar op voorwaarde dat hy homself soos 'n burger gedra, net soos sy buurman, soos dit vasgestel is deur sy godsdiens- en politieke wette. Vry is hy wel, op voorwaarde dat hy eerlik en godvresend lewe, in voortdurende kontak met sy dominee, sonder om ooit 'n verbode blik te werp op 'n ander se vrou. Vry is hy wel, op voorwaarde dat hy wegbly van alkohol, musiekkroeë, drinkplekke, argumente en bakleiery. Vra 'n bietjie die meeste beskaafde mense of hulle hul inperkings sou verruil vir so 'n soort vryheid. Die ergste morele

compétence, est de repousser les inutilités compliquées et tracassières dont sont faites nos existences. Les mœurs paisibles et familiales, l'empire incontesté de la mère de famille ne tiennent pas devant les soucis, les intrusions de tracas dont nous peuplons à plaisir nos existences. Le lien de famille cède alors aux diversités des humeurs et des habitudes. La civilisation, si elle s'abar sur ce pays grandi, fera son oeuvre comme ailleurs, elle le ravagera dans sa foi et dans ses pratiques, elle en tirera tout ce qu'il peut donner et lui laissera en revanche le désenchantement des peuples arrivés (VM 227).

42 Noodsaaklike oorbodigheid.

inperking vir iemand wie se verbeelding oopgegaan het vir verbode nuwighede, sou wees om skynheilig die lewe van 'n Boer te lewe.

Die verskriklikste onderdrukking sou kon volg op 'n eenvoudige hartstog wat sou ontwikkel in hierdie omgewing wat daarvan ontdaan is, of dit net sou goedkeur in die toegelate natuurlike of religieuse omstandighede. Die Boer is dus vry op die Boere-maniër, maar nie uit 'n ander oogpunt nie. Wanneer hy dit word, sal hy nie meer vry wees in die oorspronklike sin van die woord nie. Daarmee wil ek sê dat onvryheid die mens op die ondermaanse agtervolg, hoe hy hom ookal draai.<sup>43</sup>

## 2.2 Uitverkorenes in die veld

Sy verblyf in 'n Protestantse land is stof vir talle inskrywings en 'n invalshoek vir Villebois se analise van die Boere-psige en -karakter:

Die herroeping van die Edik van Nantes druk nog altyd swaar op die Boere se hart; enige reaksie teen die Protestante is vir hulle 'n pyniging; my nuwe vriende het daarna verwys met betrekking tot die Dreyfus-saak.<sup>44</sup>

43 *Ce qui pénètre le plus le Burgher, c'est qu'il est souverainement libre parce que l'espace lui appartient, que son voisin ne le gêne pas, ni son gouvernement non plus. Libre, il l'est, sans doute, mais à la condition de se conduire comme un Burgher, comme fait son voisin, comme l'a réglé sa loi religieuse et politique. Libre, il l'est, à la condition de vivre honnêtement, pieusement, en contact perpétuel avec son pasteur, sans jamais lever un oeil défendu sur la femme d'autrui. Libre, il l'est, à la condition d'ignorer les alcools, les beuglants, les bars, les disputes et les rixes. Demandez donc à beaucoup de civilisés s'ils échangeaient leur contrainte contre cette liberté-là. La pire contrainte morale serait, pour un homme ayant ouvert son imagination à des nouveautés défendues, de se plier hypocritement à la vie du Boer. L'oppression la plus effrayant pourrait naître d'une simple passion du cœur poussée dans ce milieu qui en est exempt ou qui ne l'autorise que dans la condition naturelle et religieuse où elle est permise. Le Boer est donc libre à la manière boer, il ne l'est pas à un autre point de vue. Quand il le deviendra, il cessera de l'être à la primitive manière. C'est pour dire que le servage humain rattrape l'homme ici-bas de quelque côté qu'il se tourne (VM 227-9).*

44 *Les Boers ont toujours sur le cœur la révocation de l'édit de Nantes; toute réaction contre les protestants leur est cruelle; mes nouveaux amis y font allusion à propos de l'affaire Dreyfus (VM 32).*

Villebois maak in sy argumentvoering 'n onderskeid tussen Protestantse immigrante na Frankryk en "rasegte" Franse Protestante. Hierdie effens xenofobiese siening is veral interessant in die konteks waarin die kolonel hom bevind het: in 'n oorlog wat ook gehandel het oor die burgerregte van uitlanders, waarin groepe buitelanders (veral Russe, Iere, Skandinawiërs, Duitsers, Franse en Hollanders) om verskillende redes die kans aangegryp het om die wapen teen Brittanje op te neem, en waarin hyself ervaar het hoedat sy goeie militêre raad in die wind geslaan is as gevolg van sy uitlander-status. Die kolonel se aristokratiese herkoms, sy verbintenis met die (tradisioneel adellike) Leër en sy obsessie met glorie, sy patriotisme teenoor Frankryk, het miskien gelei tot 'n geringskatting van dit wat nie raseg Frans was nie. Villebois was 'n oortuigde Katoliek (op sy laaste dag in Parys het hy tyd ingeruim om te bieg en die priester se seën op sy geheime sending te vra); wat betref die Protestantse gemeenskap buite Frankryk sou hy dié van Franse herkoms duidelik as die adel beskou.

In die Franse geskiedenis was daar maar een "erkende" goddelike ingreep in 'n militêre operasie, naamlik tydens Jeanne d'Arc se Orléans-sege. Hy slaan die Boere se dankseggings na oorwinnings en hul smekinge om verdere goddelike hulp met 'n mate van sinisme gade. Na die slag van Colenso vertrek Villebois onmiddellik op verkenningsstogte om die Boere se posisie verder te versterk. Toe hy met sy bevindinge by generaal Botha se tent opdaag, was die generaal (onder 'n wit sambreel), en 'n predikant (onder 'n swart sambreel) besig met gebed, waarna die leraar ingesit het met 'n gesang:

Tweehonderd Boere met geboë hoofde, verslaggewers en artilleriste het die seremonie bygewoon; die godsdienstige effek was intens, hoewel bederf deur die sambrele, wat die generaal en die predikant laat lyk het na afslaaers by 'n vendusie.<sup>45</sup>

45 A la cérémonie assistaient deux cents Boers très recueillis, des reporters, des artilleurs; l'effet religieux était intense, quoique gâté par l'ombrelle et le parapluie, qui donnaient au général et au pasteur l'air de commissaires-priseurs dans une vente à la criée (VM 61).



Die Boere se Deuteronomiese<sup>46</sup> beskouing van die geskiedenis kenmerk verskeie inskrywings. Die Boere se God is 'n etniese God wat in die geskiedenis ingryp om hulle voortbestaan te verseker: wanneer (volgens die inskrywing van 22 Desember) die veldkornette by Colenso een van Kruger se opdragte verontagsaam en dit aan hom telegrafeer, "antwoord hy breedvoerig per brief waarin hy soos altyd, God tot getuie roep".<sup>47</sup>

Op 25 Desember 1899 vier Villebois sy eerste (en laaste) Kersfees in Suid-Afrika. Die nostalgiese en patriotiese Fransman troos hom daaraan dat Franse bloed hier dik in Boere-are vloei<sup>48</sup>, maar voel homself enersyds van sy Duitse feesgenote afgesny deur die pynlike resente geskiedenis (die Frans-Pruisiese oorlog van 1870-71) en andersyds van sy Boere-vriende deur die geloofsverskil tussen hom en hulle:

Maar tussen ons en hierdie mense is daar die onversoenlikheid van 'n ander godsdienstige ritueel; en tussen kamerade van dieselfde militêre ritueel wat deur hul isolasie as vreemdelinge nader aan mekaar gebring is, bly daar die onversoenlikheid van 'n verminkte vaderland.<sup>49</sup>

Teen 29 Desember kom die Kolonel tot die gevolgtrekking dat die Boere se gerustheid oor die aankoms van die nuwe Britse bevelvoerders (Roberts en Kitchener) 'n uitvloeisel van hul geloof is, die verwaandheid van 'n volk wat alleen maar vir God vrees.

In die inskrywing van 9 Februarie 1900 (gewy aan die beleg van Kimberley), waarin die Boere gekarakteriseer word as inherent vreedsame mense sonder gevegslus wat met die mins moontlike bloedverlies huiswaarts sou wou keer, speel predikante weereens 'n prominente rol:

46 It sees history as cyclic, and it sees the fortunes of a nation or a dynasty as directly linked to observance or disregard of the will of Jahwe (Saggs 1991: 28).

47 Krüger [*sic*] répondit longuement par une lettre où, comme toujours, il invoquait Dieu (VM 70).

48 VM 84.

49 Mais, entre les hommes d'ici et nous, il y a l'intransigeance d'un autre culte religieux et, entre les camarades du même culte militaire, rapprochés par leur isolement d'étrangers, il reste l'intransigeance d'une patrie mutilée (VM 84).

Die dominees maak gebruik [van die staking van vuur] en gou weergalm die psalms oor die koppies. Tot by Kampfersdam bedien 'n predikant die Woord en agter die Long Tom vergader die vegters in groepies, berower deur die teenwoordigheid van hierdie man van vrede.<sup>50</sup>

Die dominee en sy gemeentelede vind miskien vertroosting in gebed, maar duidelik geen mannemoed nie. Villebois beskryf hoedat, wanneer die Britte hul vuur hervat, "die predikant met die koppie afgehardloop het toe die eerste kanonskoot klap; sy gehoor het hom terloops sonder seremonie net daar gelos om in hul skuilings te kruip."<sup>51</sup>

Villebois beskryf predikante as die lafhartigstes onder die Boere. Op 9 Februarie teken hy aan dat die Britse bombardement van hul laer 'n dominee op die vlug laat slaan het<sup>52</sup>. In inskrywings wat geleidelik in subtiële sarkasme toeneem, beskryf hy op 12 Februarie hoedat die Britte vuur op 'n byna ontvolkte Boere-laer, "want laasgenoemde, wie se eerbied vir die Sondag hulle nie verbied om te bou en uit te grawe nie, het stelling ingeneem agter die skands-walle."<sup>53</sup>

### 2.3 Saam met die Boere op kampanje

Vanaf sewe-uur saans is Johannesburg se strate verbode vir swartes; vir blankes, vanaf nege-uur. Ander maatreëls wat die Kolonel verbaas, is die verbod op die verkoop van wyn en spiritualieë in hotelle, klubs en kroë; alleen kraan- en mineraalwater is beskikbaar. Hierdie Spartaanse leefwyse pas hom goed op hierdie vroeë stadium van sy verblyf: uitgehonger vir die militêre leefwyse na drie jare se siviele bestaan na sy voortydige bedanking uit die Franse leër, sien hy dit as

50 Les pasteurs en profitèrent et bientôt les psaumes se répandirent par les kopjes. Jusqu'au Kampfersdam un prédicant vint apporter la parole sainte et, derrière le long-tom, les combattants se groupèrent, charmés par la présence de cet homme de paix (VM 244-5).

51 Le prédicant dégringola la colline au premier shell; ses auditeurs l'avaient d'ailleurs lâché sans cérémonie pour se plaquer dans leurs abris (VM 245).

52 VM 249.

53 car ceux-ci se sont installés derrière des tranchées que le respect du dimanche ne leur interdit pas d'édifier ni de creuser (VM 253).

'n manier om radikaal soldaat te wees.<sup>54</sup> Hierdie liefling van die Paryse salonne is in Suid-Afrika heeltemal tevrede om gesprekvoering tot die minimum te beperk in belang van sosiale aanvaarbaarheid:

[...] en alles gebeur sonder woorde. Dit sal miskien vervelig wees op die lange duur, maar in oorlogstyd is dit nogal prakties.<sup>55</sup>

Die enkele gespreksonderwerpe handel oor politiek, godsdiens en sake van die dag;<sup>56</sup> nie juis gewilde onderwerpe in *Belle époque* Paryse salonne nie.

Ook wat betref sy kleredrag, probeer Villebois om aan te pas by die Boere. Die dag voor sy vertrek uit Parys, het hy tyd gevind om 'n breërand vilthoed te koop omdat sy eie Franse helm hom te veel na 'n Engelsman sou laat lyk. Op 1 Desember 1899 meld hy dat hy nog net 'n kaki-uniform kortkom.

Villebois se ontmoeting met die twee Franse attachés, kaptein Demange en kwartiermeester Roger Raoul-Duval, sou hom bewus maak van die skaamtelike daling van sy eie lewenspeil. Die Franse kolonel, wat gewoon was aan en geregtig was op die fynste kosse en eetgerei, skryf lang paragrawe oor die sintuiglike beproewings wat hy moet deurgaen in 'n kampoepset sonder opgeleide kokke:

Die ergste is om te leef tussen al die vet, die rou of gaar vleis, die oopgeskroefde bottels ingelege voedsel, uitgestorte sop en die oneindige vlieë en miere. Oral is daar oormaat en rekort, te veel uitstekende vleis wat vir ses gesinne genoeg sou gewees het, te veel reuke en sedelike verval by die swartes, te veel voorrade wat sleg word, 'n tekort aan groente, vrugte, melk, eiers, suiker, vars brood.<sup>57</sup>

54 On est ici radicalement soldat (VM 20).

55 et tout se passe sans phrases. C'est peut-être ennuyeux à la longue, mais bien pratique en temps de guerre (VM 20).

56 VM 65.

57 Le pire est de vivre entre ces graisses, ces viandes crues ou cuites, ces conserves débouchées, ces bouillons répandus et l'envahissement des mouches et des fourmis. Il y a excès et disette en tout, excès d'une viande admirable, qui suffirait à six familles, excès d'odeurs et d'infirmité morale des nègres, excès de provisions qui s'avaient, manque de légumes, de fruits, de lait, d'oeufs, de sucres, de pain frais (VM 95).

Villebois se Darwinistiese of Tainiaanse beskrywing van die degenerasie van die Franse gene in hul Boere-nasate, word geïllustreer deur die waarneming dat die Boer selfs nie die plesier van die gesoeteerde aartappel sal ken nie, want daarvoor “sal hy die pan moet vashou en die aartappels soteer, wat uitputting en besluitneming tot gevolg het.”<sup>58</sup>

Villebois se herhaaldelike verwysings na “Die Boer” gee aan sy beskrywings ’n byna soölogiese karakter:

Hy trek aan sonder enige oorweging van elegansie en klim bloot in die pak klere wat hom die minste beperk terwyl hy op die kruisbande vertrou om sy sakkerige broek vas te hou. Huisdraskoene en ’n gekleurde hemp voltooi ’n uitrusting war, of dit nou nuut of oud is, altyd vuil lyk. Die Boer gaan slaap met sy broek, kruisbande en al, want so is hy gouer en met die minste moeite weer aangetrek. Die Boer gebruik natuurlike produkte sonder om hulle aan die geringste uirpurrende voorbereiding te onderwerp. Hy eet sy vrugte rou, of, as hy hulle wil bewaar, laat hy dit aan die son oor om hulle uit te droog. Die ingelegde vrugte en konfyte war in die Kaap of in Natal gemaak word, is so ’n deurmekaar mengsel van vrugte en bruinsuiker bedruip met heuning dat ’n mens net ’n medisyne-agrige melasse-smaak daarvan oorhou. Alles groei in die tuine, maar die Boer sorg vir niks, daarom is alles maar net min of meer. Die artisjokke is draderig, die ertjies is te groot, die spinasie is geel en die rape is veselrig.

Alles sou kon regkom met ingeligte tuinbou, maar die Europese tuinier sou nie kon werk soos in Europa nie en sou hom op die swartes moes verlaat. Ek het reeds genoem wat ’n mens uit hulle kry.

Die Boer plant dit wat wil groei, net vir eie gebruik. Hy drink vars- of suurmilk, eet vars of geroekte vleis, bak sy brood, sy vetkoeke of sy pannekoeke, en pluk die opbrengs van sy tuin of dit nou typ is of nie. Dit word alles gaargemaak op die vuur, net soos war dit gegroei het met die hulp van die son of veldgras, sonder menslike inspanning, veral sonder vernuwende idees en sonder dat enige verandering aangebring word.<sup>59</sup>

- 58 il lui faudrait tenir la poêle et les faire sauter, ce qui occasionne une farigue et une décision (VM 224).
- 59 Il s’habille sans aucun soin d’élégance en entrant dans le complet tour fait qui le gêne le moins et en s’en fiant aux bretelles pour soutenir le pantalon bâti en sac. Des souliers quelconques et une chemise de couleur complètent un cosrume dont la caractéristique, qu’il soit neuf ou vieux, est de paraître toujours sale. Le

Villebois vind wel berusting in die landskap:

In Parys het 'n mens sekerlik nie sulke vertes, of so 'n helderheid of so 'n kalmte nie, en veral nie so 'n harmonie tussen die vrede in jouself en die dinge wat jou omring nie.<sup>60</sup>

## 2.4 Boere as krygers

'n Boere-oorwinning lyk aan die einde van 1899 vir Villebois meer as moontlik, soos die saaklikheid waarmee hy die Boere-oorwinnings en oorlogsbuit by Ladysmith aanteken, getuig:

Die Boere het 5 kanonne gebuit, en 42 offisiere en 1200 manskappe gevange geneem wat toe in Pretoria geïnterneer is.<sup>61</sup>

Boer couche avec son pantalon sans oublier les bretelles, parce qu'il est ainsi plus vite habillé et avec moins d'effort. Le Boer use des choses naturelles sans leur faire subir la moindre préparation fatigante. Il mange les fruits crus, ou, s'il veut les garder, laisse au soleil le soin de les sécher. Les compotes et les confitures fabriquées au Cap ou au Natal sont un tel mélange de fruits pêle-mêle avec une cassonnade arrosée de miel qu'il ne vous reste au goût qu'une mélasse pharmaceutique. Dans les jardins tout pousse, mais le Boer ne corrige rien et, comme résultat, tout est à peu près. Les artichauts sont filandreux, les pois sont gros, les épinards jaunis et les navets filamenteux.

Tout s'arrangerait avec un jardinage européen bien entendu, mais le jardinier européen ne pourra travailler comme en Europe et devra s'abandonner aux noirs. J'ai dit ce qu'on en peut tirer.

Le Boer plante ce qui veut pousser, juste pour sa consommation. Il boit son lait frais ou caillé, mange sa viande fraîche ou boucanée, fait son pain, ses beignets ou ses crêpes, et recueille mûrs ou non les produits de son jardin. Tout cela se cuisine par contact avec le feu, comme tout cela s'est élevé par contact avec le soleil ou avec l'herbe du steppe, sans effort humain sans pensée neuve surtout et sans modification aucune (VM 224-5).

60 Certainement à Paris on n'a ni les mêmes lointains, ni la même clarté, ni le même calme, ni surtout cette correspondance de sérénité de soi aux choses ambiantes (VM 102).

61 Les Boers ont pris 5 canons, 42 officiers et 1.200 hommes, qui ont été internés à Pretoria (VM 12).

Op 1 November is die verliese geskat op 5 500 dooies of gewondes aan Britse kant; vir die Boere op 500, wat die gevangenes van Elandslaagte insluit.<sup>62</sup>

Teen 6 Desember begin Villebois te vrees dat hy weens hoofkommandement se "traagheid en besluiteloosheid"<sup>63</sup> nie toegelaat sal word om aktiewe diens te verrig nie. Die demokratiese neem van operasiebesluite deur oorlogsrade waar alle offisiere teenwoordig is, en die voorlegging daarvan aan almal wat by die stryd betrokke is vir goed- of afkeuring, was in sy oë 'n ondermyning van die dissipline en hiërargie wat die ruggraat van die leër uitmaak, en ook 'n bespotting van die fyn beplanning van enige militêre operasie.

Sy beskrywing op 15 Desember van die slag van Colenso is militêr objektief, en bevat lof (en veral kritiek) vir beide Boere en Britte. Laasgenoemde se aanval was lomp en sonder finesse, 'n ware bul-by-die-horings-pak-aksie.<sup>64</sup> Die artilleriste mors geld en rook:

Die Engelse aanval is moedig en metodies, maar sonder die minste idee van wat oorlog beteken.<sup>65</sup>

Hy bewonder die moed van die Britse artilleriste wat onder geweldige Boere-vuur die lyke van hul makkers kom haal sonder om hul artillerie te probeer red. Hy teken die noukeurigheid aan van die Boere se artillerie en die akkuraatheid van die Boer-infanterie se vuur wat die Britse opmars vir goed stuit. Na Colenso is sy indruk van die Boere dat hulle, wat bevelvoering en uitvoering betref, uitstekende verdedigers is:

Dir is ook so dat teenoor magtige opponente soos die Engelse verdediging op sigself voldoende kan wees.<sup>66</sup>

62 Au 1er novembre, les pertes étaient évaluées pour les Anglais à 5.500 tués ou blessés; pour les Boers, à 500, y compris les prisonniers faits à Elandslaagte (VM 12-3).

63 l'irrésolution et l'inertie du haut commandement des divisions (VM 46).

64 c'est bien ce qu'on peut appeler prendre un taureau par les cornes (VM 58).

65 L'attaque anglaise est très crâne et méthodique, mais sans la moindre idée de ce qu'est la guerre (VM 58).

66 Il est vrai qu'en face d'adversaires de la force des Anglais la défensive unique peut suffire (VM 59).

Die inskrywing van 15 Februarie word gewy aan Cronjé se aftog, wat Villebois en graaf Sternberg<sup>67</sup> laat dink dat die generaal kop verloor het. Vir die Franse kolonel is die algemene gevolgtrekking dié van 'n gebrek aan voorsorgmaatreëls, kenmerkend van die Boere-bevelvoering.<sup>68</sup> 'n Sarkastiese opsomming van die gebeure volg:

Die kommerloosheid of militêre onkunde van hierdie groep vlugtelinge wat besig was om die Vrystaat vir die Engelse op 'n skinkbord aan te bied, kon selfs as vrolik beskryf word; sonder dat ek kon hoor wat die Boere sê, het ek begryp dat die aftog algemene byval gevind het. Hierdie Vrystaat-kommando's van Cronjé se leër, wie se deugde ek soveel keer besing gehoor het, het regtig hul reputasie verdien.<sup>69</sup>

Teen 16 Februarie is Villebois se drome van glorie in Kimberley net 'n bitter herinnering aan swak bevelvoering en ongelyke afdelings waarin veral die Vrystaat swak vertoon het. Villebois se keuse van adjektiewe (talle in die oortreffende trap), spreek hier boekdele:

My projekte het misluk as gevolg van die hardnekkige traagheid waarin die Boere uitblink, maar my siening is wreed geregverdig, want deur niks te doen nie, het ons dieper ingesak in 'n ramspoedige situasie wat ek reeds opgesom het toe ek ons stellings aan die Modder en in Kimberley die eerste keer gesien het. Die enigste ding wat ek nie kon voorsien nie, was dat Cronjé aan die Engelse sou oorgee sonder om te veg; die situasie is daardeur net vererger, want dit was die finale erkenning van absolute wanorganisasie.<sup>70</sup>

67 Die Oostenryker, Graaf Adalbert Sternberg, wou aanvanklik na Suid-Afrika kom om as offisier in die Boere-leër te dien. In die nag van 15-16 Februarie 1900 is hy deur 'n Britse patrollie onderskep.

68 VM 265.

69 L'insouciance ou l'ignorance militaire de cette bande en retraite, qui ouvrait le Free State aux Anglais, était même fort gaie et, sans entendre les Boers, je compris que la retraite avait leur assentiment général. Ces commandos du Free State à l'armée de Cronjé, que j'avais entendu décrier maintes fois comme valeur, méritaient vraiment leur réputation (VM 269).

70 Si mes projets avaient échoué devant cette ténacité d'intertie où les Boers excellent, mes vœux se trouvaient justifiées cruellement, puisqu'à force de ne rien faire nous nous enfonçons dans la situation désastreuse qui m'était apparue au premier aspect des positions de la Modder et de Kimberley. La seule chose

'n Verdere voorbeeld van Villebois se "soölogiese" verslaggewing oor die Boere se vreemde oorlogstaktiek word gevind in die inskrywing van 6 Januarie 1900. Die Kolonel is die kliniese, wetenskaplike ontleder, die Boere sy (onverantwoordelike) proefdiere:

Die Boere se manier van doen is regtig buitengewoon. Hulle bly sit of lê in hul skuiling, en draai hul rug op die vyand, sonder om eens 'n wag uit te plaas; sonder dat 'n mens sou kon raai wat hulle uit hul rus wakker skud, draai hulle dan om en begin met 'n geweldige vuur wat hulle gou weer self onderbreek. [...] Dit lyk regtig vir my asof hulle mors met ammunisie wanneer hulle verveeld word met so 'n onbenullige skermutseling. Naderhand beveel die veldkornet hulle om die ammunisie op te gebruik, en hulle gehoorsaam met 'n entoesiasme wat geen perke ken nie. Aan die koeëls wat teruggevuur word, kan ek bepaal hoe oordrewe ons vuur werklik is en aan die onmoontlikheid om die vyand te sien, hoe denkbeeldig ge-waan!<sup>71</sup>

Op 12 Januarie teken Villebois die Boere se taktiese swakheid aan: hulle tref geen voorsorgmaatreëls nie en verwerp inligting; enige generale stafaktiwiteit is dus 'n illusie.<sup>72</sup> Villebois se eie planne word goedgekeur, maar geen konkrere besluit word ooit geneem nie.

'n Nuwe, spottende toon sluip in wanneer Villebois op 31 Januarie 1900 betig oor die opstel van die 'Long Tom' buite Kimberley wat "'n dramatiese effek tot gevolg [moet] hê. En dit sal

qui dépassait mes prévisions, c'est que Cronjé eût cédé aux Anglais sans combattre; la situation n'en était qu'empirée, puisque c'était un suprême aveu de désorganisation absolue (VM 272).

- 71 La manière des Boers est tout à fait singulière. Ils restent assis ou couchés dans leur abri, tournant le dos à l'ennemi, n'ayant même pas de factionnaire; puis, sans qu'on ait deviné ce qui secoue leur farniente, ils se rerourent et entament un feu violent qu'ils interrompent bientôt d'eux-mêmes. [...] Il me semble bien qu'ils prodiguent les munitions lorsqu'ils sont ennuyés d'une affaire qui devient sans importance comme celle-là. A un certain moment, le field-cornet leur ordonne de brûler des munitions, et ils obéissent avec un entrain que rien n'arrête plus. Aux balles qu'on nous renvoie, je mesure combien notre feu est exagéré et, à l'impossibilité de voir l'ennemi, combien fictif! (VM 125).

72 VM 154.



goed wees, want dit lyk vir my die Boere het 'n ontsettende vrees vir alles wat ontplof'.<sup>73</sup>

Villebois het min begrip vir die feit dat die Boere, ten spyte van hul sterk perde en uitstekende ruiterskap, geen kavalleriste was nie. Bernard Lugan (1998: 131-2) verduidelik:

Daar was nie by hulle stormlope met lanse en sabels nie, maar die vinnige verskuiwing van berede voetsoldate wat in rekordtyd van posisie kon verander of rerugval. Die Boere het eintlik te voet geveg; perde was vir hulle net 'n vervoermiddel. Wanneer hulle eers te voet was, het die kommandolede individuele gate gegrawe of hulle verskuil agter rotse op hoogtes, koppies genoem, vanwaar hulle hul visiere op die vyand kon instel.

Die vinnig bewegende Boere, met hul indrukwekkende terreinkennis, uitstekende skietvermoë, merkwaardige ruiterskap, ongekompliseerdheid, gedugtheid en uithouvermoë en soberheid, sou die swaar, onbeweeglike, maar gedissiplineerde Britse eenhede laat les opsê.<sup>74</sup>

Die inskrywing van 31 Januarie 1900 bevat byna karikaturaal naturalistiese analyses van die Boere se lafhartigheid wat as simptome van Villebois se ontnugtering beskou kan word, eerder as tekenend van sy sin vir humor:

Toe daar vandag aangekondig word dat die Engelse begin skiet het, is ek byna omgehardloop deur die Boere in hul haas om te gaan skuiling soek, en dit terwyl hulle reeds agter die mynregter en binne-in 'n gebou was. Om hulle te vra om 'n aanval te loods, om selfs die matige risiko van 'n nagtelike operasie te loop, lyk vir my al hoe meer onmoontlik. Die waarheid is dat daar onder hulle dapperes is en dat dit altyd dieselfdes is wat gedood word, maar die meerderheid sal in hul broeke bewe as hul geweet het daar is lewensgevaar sonder die beskerming van fortmure, tydelike

- 73 La mise en place du long-tom doit être suivie d'un grand effet. Et ce sera heureux, car les Boers m'ont l'air de craindre terriblement tout ce qui explose (VM 222).
- 74 Chez eux, pas de charges à l'arme blanche, lance ou sabre, mais déplacement rapide d'une infanterie montée capable de changer de position ou de décrocher très rapidement. Les Boers combattaient en effet à pied, le cheval n'étant pour eux qu'un moyen de transport. Une fois à pied, les hommes des kommandos creusaient des trous individuels ou bien se retranchaient à l'abri de rochers situés sur des positions élevées, les kopje, d'où ils pouvaient ajuster leurs tirs sur l'ennemi.

skuilings, koppies tussen hulle en die vyand. Sonder hul perde en hul koppies, sal die Boere maar net gewone mense wees. Die klimaat lê enige aktiwiteit aan bande: hier moet 'n mens harder werk as in Europa vir dieselfde resultaat. Loop is hier moeilik, hul bene is pap, harde arbeid kan hier nie verrig word sonder 'n yser wil nie. Daar is onmiskenbare fisieke insinking. Die gevolg is dat die Boer na inspanning rus en dus sy lewe lank vasgevang bly tussen uitputtende take en rus in 'n sittende of liggende posisie, sy gees en liggaam ewe rustig, lui gerig op dieselfde idee.<sup>75</sup>

Villebois, die objektiewe militarist, meen dat die Britte met hul getaloorlog en hul inname-tegniek alleen nog maar teruggehou kan word, maar dat hulle op die lange duur noodwendig sal wen.

In sy inskrywing van 6 Maart kom Villebois na vore as die enigste moedige vegter in 'n gedemoraliseerde veld: hy veroordeel De Wet se terugtrek uit sy stellings, sonder deelname van die infanterie, in reaksie op gerugte van die ontplooiing van 40 000 Britse troepe in die veld. "Te vergeefs"<sup>76</sup> soek hy na plekke waar 'n paar hardnekkige elemente hul ingegrawe het; in die veld is daar alleen maar groepies Boere te sien op pad na Abrahamskraal:

Rapides, connaissant admirablement le terrain, excellents tireurs, cavaliers remarquables, rusiques, résistants, endurants et sobres, les combattants boers allaient donner du fil à retordre aux unités britanniques, lourdes, peu mobiles mais disciplinées.

75 Aujourd'hui, à l'annonce que les Anglais tiraient, j'ai presque été renversé par eux dans leur ardeur à aller s'abriter, alors qu'ils se trouvaient déjà derrière le cône de la mine et dans un bâtiment. Leur demander un assaut, leur offrir même les risques bien modérés d'une action de nuit me semble de plus en plus impossible. La vérité est qu'il y a chez eux des braves et que ce sont toujours les mêmes qui se font tuer, mais la masse serait couarde devant la certitude d'un danger mortel à courir sans parapets, parachutes, kopjes et autres protections intermédiaires. Ortez-leur le cheval et la kopje; les Boers ne seront plus que des hommes ordinaires. Le climat limite l'activité, il y faut un effort supérieur à celui qu'on prodnit en Europe pour un résultat identique. La marche est pénible, les jambes sont molles, les travaux de force ne peuvent se poursuivre sans une volonté robuste. Il y a depression physique, on ne peut le nier. Il en résulte que le Boer, une fois son effort donné, se repose, reste, sa vie durant, entre les courses un peu surmenantes et le repos assis ou allongé, l'esprit au calme comme le corps, fixé sur la même idée paresseusement (VM 222-3).

76 VM 312.

Niemand was haastig nie: hulle was seker dat daar nog tyd was; hulle was ook vasbeslote om nie te veg nie. Ek het probeer om 'n paar terug te hou op 'n hoë koppie waarvandaan 'n mens beheer gehad het oor die hele vlakte bokant die aftogroete. Hulle het na my geluister met die onverskilligheid van mense wie se besluit reeds geneem is.<sup>77</sup>

Op 7 Maart 1900 vestig Villebois sy hoop op die klein kontingent Franse wat by hom kom aanmeld; hulle het na Suid-Afrika gekom met drome van glorie en moet nou getuies wees van die Boere se aftog op alle fronte. "Ek het aanvanklik ander horisonne gehad"<sup>78</sup>, is sy nostalgiese aantekening. In die gelyknamige toneelstuk kom Cyrano de Bergerac tot dieselfde ontgongelde slotsom wanneer hy sy glorielose lot in oënskou neem:

Met 'n swaard deurboor

Deur 'n held toegedien, om neer te sak met 'n swaardpunt in die hart!" ...

— Ja, dis wat ek gesê het! ... Die noodlot maak 'n bespotting daarvan! ...

En daar word ek toe doodgeslaan in 'n lokval,

Van agter af, deur 'n lakei, met 'n houtstomp!

Dis goed so. Ek het 'n mislukking van alles gemaak, selfs my dood."<sup>79</sup>

### 3 Die onbenutte buiteland

Villebois se raad word dikwels in die wind geslaan deur Boere wat nie buitelandse inmenging duld nie. Elke geskiedenis het voorbeelde van fiktiewe historiografie (soos die mate waarin die dood van 27 000 vroue en kinders in Britse konsentrasiekampe die huidige Afrikaner-

77 On ne se pressait pas, l'on était sûr d'avoir du temps, sûr aussi d'une volonté très ferme de ne pas se battre. J'ai cherché à en retenir sur un gros kopje, qui renait toute la plaine juste au-dessus du passage de la route de retraite. Ils m'ont écouté avec la distraction d'hommes dont le part est pris (VM 312).

78 J'avais connu d'autres horizons au début (VM 314).

79 *D'un coup d'épée, / Frappé par un béros, tomber la pointe au coeur!" ... / — Oui, je disais cela! ... Le destin est railleur! ... / Et voilà que je suis tué dans une embûche, / Par derrière, par un laquais, d'un coup de bûche! / C'est très bien. J'aurai tout manqué, même ma mort* (Rostand 1911: 310).

volkstelling beïnvloed het). Die geringskatting van Villebois se militêre insigte sou verdere voorbeelde kon verskaf. Veral in die volgende gevalle het dit dramatiese gevolge gehad vir die verloop van die oorlog:

Op 7 Desember 1899 merk Villebois met sy aankoms by Modderspruit dat daar geen voorposte is ter verdediging van die artillerie nie. Die Boere maak staat op hul sterk (maar nie onaantasbare) posisie om die artillerie te verdedig. Hy identifiseer selfs 'n moontlike kontakpunt, 'n koppie digby Ladysmith. Met sy inskrywing op 8 Desember 1899 het die ergste reeds gebeur: 15 Britse soldate, ondersteun deur 'n bataljon voetsoldate, het die artillerie vernietig wat Villebois die vorige dag geïnspekteer het.

Villebois reken dat 'n deel van die Britse troepe na Colenso gestuur is vir 'n gekombineerde aanslag saam met generaal Redvers Buller. 'n Aanval op Ladysmith sou die aangewese strategie wees, en hy stel dit ook so aan generaal Schalk Burger, wat besluiteloos op die voorstel reageer. Hy vind generaal Louis Botha meer dinamies en 'n meer simpatieke luisteraar. Op 14 Desember skryf hy:

Ek wys hom 'n hoogte aan ons linkerkant, anderkant die Tugela, wat dringend bewaak moet word; Botha stuur 800 Boere daarheen [...]<sup>80</sup>

Op 26 Desember dink die kolonel nie aan vrede op aarde nie, maar aan die Britse patrollies wat ongehinderd hul perde in die buurt laat wei:

Op hierdie maklike terrein sou 'n mens 'n lekker aanval kon loods op hierdie slaapkouse. Maar kan 'n mens hier die kwessie van aanvalle aanroer?<sup>81</sup>

Geleidelik kom Villebois tot die ontnugterende besef dat die Boere nie aanvallend nie, maar verdedigend optree. Onvermoed probeer hy die Boere-strategie beïnvloed. Op 27 Desember spreek hy

80 Je lui signale une hauteur sur notre gauche, au delà de la Tugela, très importante à garder; Botha y envoie 800 Boers (VM 55).

81 Il y aurait, avec ce terrain bien commode, une jolie offensive à prendre sur ces endormis. Mais le moyen de parler ici d'offensive! (VM 86).

die mening uit dat 'n aanval noodsaaklik geword het, veral omdat die Britte, wat gewoon was aan die Boere se defensiewe optrede, dit nie sou verwag nie. Hy leer egter die Boere-psige ken en weet dat sy pleidooie op dowe ore val:

Hierdie idees spook in 'n militaris se kop, maar sal geen houvas kry op hierdie Boere wat alleen maar 'n oorlog met so min skade as moontlik wil hê nie.<sup>82</sup>

Villebois se oorlog word daagliks meer virtueel. Hy luister (op 26 Januarie 1900) na generaal Ferreira se harde snorkgeluide met dieselfde welbehag as na 'n kanon:

[...] die generaal dreunsnork soos 'n orrel. Nadat ek eers gedink het dis 'n kanon, luister ek met genot hoedat dit ons sinkdak met klankgolwe laat tril. Ons is goed ingerig met daardie roerende gasvryheid waarvan die Boere die kuns ken.<sup>83</sup>

Op 1 Februarie 1900 spreek Villebois die oortuiging uit dat Kimberley se lot in die Boere se hande is, as hulle maar net sy raad wou volg. Die dorp het 'n besondere aantrekkingskrag vir hom: Franse offisiere is op pad met die *Long Tom*, en Cecil John Rhodes wag daar. Generaal Cronjé se idees oor waarvandaan die aanval sal kom, is egter "ontsettend vaag",<sup>84</sup> volgens die inskrywing van 3 Februarie. En tog het Villebois nog ambisieuse planne, volgens dieselfde inskrywing. Die Boere moet beheer verkry oor die hele Suid-Afrika ("alles of niks",<sup>85</sup> haal hy president Steyn se woorde in Ladysmith aan), daar moet 'n einde kom aan die *perfide Albion* se arrogansie en valsheid.<sup>86</sup> Villebois se ontugtering met die Boere se

82 Ces idées peuvent hanter le cerveau d'un militaire, elles n'auront jamais de prise sur les Boers qui ne veulent absolument qu'une guerre avec le moins de casse possible (VM 90).

83 le général a un ronflement d'orgue. Après avoir cru au canon, je me plais à l'écouter remuer en ondes sonores notre plafond en tin. Nous sommes très bien installés avec cette hospitalité touchante dont on a le secret en pays boer (VM 201).

84 VM 235.

85 VM 237.

86 VM 237.

hantering van die beleg van Kimberley vind uiting in sarkastiese opsommings soos die volgende, na 'n nuttelose vermorsing van ammunisie aan beide Boere- en Britse kant:

maar siende dat beide kante die aanlê op geïsoleerde kanonne as nuttig beskou het, het beide kante houtgerus hul sop gaan eet.<sup>87</sup>

Die geleentheid is te groot vir die Boere-generaals, meen Villebois in dieselfde inskrywing:

Maar die Boere-generaals, wat geen talent vir oorlogvoering het nie, skram weg van die gebeurtenis waarvoor hulle nie opgewasse is nie. Hul versigtigheid werk mee tot al die verdragings. Daar word ook niks gepraat nie en alles word tot die volgende dag uitgestel.<sup>88</sup>

Lugan (1998: 129) som die generaals se optrede as volg op:

Toe die oorlog verklaar is, is baie kommandante tot generaals bevorder. In die meeste gevalle was hulle nie in staat om die verantwoordelikhede van 'n moderne oorlog te dra nie.<sup>89</sup>

Villebois se opinie van die Britse weermag is stof vir 'n ander studie. Een aanhaling is voldoende om aan te toon dat sy ontnugtering met die Boere ten minste gelykstaande is aan sy minagting vir die (on-Europese) Britse vegters:

Dis 'n leër sonder veerkrag, idees, taktiek en moreel (ek praat van die troepe) wat uiteindelik deur die Boere gestuit word omdat hulle nie genoeg murg in hul pype het om iets te doen nie, en nie genoeg deursettingsvermoë om drie uur lank hul gemaksgtige gewoontes prys te gee nie.<sup>90</sup>

87 mais comme des deux parts ce pointage sans résultat contre des pièces isolées ne parut pas sans valeur, des deux côtés chacun alla manger la soupe, l'âme satisfaite (VM 246).

88 Mais les généraux boers, qui ne sont pas doués pour la guerre, furent l'événement pour lequel ils ne sont pas faits. Leur prudence devient complice de tous les retards. On ne parla de rien et on s'en remit au lendemain (VM 246-7).

89 A la déclaration de guerre, nombre de commandants furent promus généraux. Dans la plupart des cas, ils étaient incapables d'assumer les obligations d'une guerre moderne.

90 C'est une armée sans ressort, sans idées, sans tactique et sans moral (je parle de la troupe) qui finit par camper immobile face aux Boers, parce qu'elle n'a ni assez de valeur pour faire quelque chose, ni assez d'endurance pour abandonner pendant trois jours ses habitudes de confort (VM 186-7).

Volgens die inskrywing van 19 Februarie probeer Villebois in Frans en daarna in Engels om president Steyn daarvan te oortuig om die Vrystaatse troepe onder die bevel van een generaal te plaas en om 'n reeks guerilla-operasies teen Kitchener se treine uit te voer. Teen 21 Februarie het min verander, en Villebois vestig sy hoop op sy moontlike bevel oor die Franse wat onlangs in die land aangekom het:

Iets nuttigs kan miskien hieruit voortkom. Maar ek sal dit eers glo wanneer dit gebeur, want alles in hierdie land werk aksie teë.<sup>91</sup>

Die laaste inskrywings bevestig sy geleidelike ontnugtering, hetsy met die swak diens van die Vrystaatse Spoorweë (wat deur Britte bedryf word, in teenstelling met die goeie, Hollands-bedryfde Transvaalse Spoorweë), hetsy met 'n muil wat hom by Norvalspont stamp en sodoende sy horlosie breek ("Nog iets wat tot niet is! Maar helaas, helaas, ek het al opgehou met tel wat alles tot niet is").<sup>92</sup> Vir die periode 23 Februarie tot 4 Maart is geen aantekening gemaak in sy dagboekies nie. Daar word vermoed dat hy van los blaai gebruik gemaak het of dat dit saam met hom in Boshof begrawe is.

Teen 4 Maart besoek hy generaal De Wet se kamp aan die Modderrivier, waar hy die stellings beskryf as "kinderlik foutief".<sup>93</sup> Sy militêre ingesteldheid sien dadelik hoedat hy die Britte kan vaskeer, maar sy vroeëre entoesiasme is weg:

Waarom nog planne uitdink? Vroeër was daar 'n gebrek aan generaals, nou is dit nog die manskappe ook. Op die paaie sien 'n mens hulle met hul handperde wegsloop in 'n poging om hul drostery te versteek. Drostery is wydverspreid, ontnugtering ook. Die eerlikes vra jou uit, angstig oor wanneer die oorlog gaan eindig; dié met 'n houding aan hulle is meesal opregte drosters wat so probeer vergoed vir hul weglopery. Daar was nog altyd in die laers drie soorte manne: dié met 'n vegterstemperament of wat veg vir 'n gewetensaak: die elite, die boonste laag van die mandjie; dan, dié wat altyd in die laer bly, dooie gewig wat net tel wanneer dit kom by die uitdeel van voorrade; dié wat die regte mense ken, wat die beskerming van 'n Volksraadslid geniet, wie se lewe bestaan uit

91 De ceci peut sortir quelque chose d'utile. Mais je n'y croirai que lorsque la chose sera faite, tant, dans ce pays, tout s'oppose à l'action (VM 290).

92 Une ruine de plus. Les ruines, hélas! hélas! je n'en suis plus à les compter (VM 294).

93 enfantinement fausses (VM 295).

verlofpassse en wat al hoe meer patrioties word hoe verder hulle van die front af beweeg. Hoekom sou dit 'n mens verbaas? Hierdie dinge is onvermydelik in enige sosiale en politieke staat as die militêre tuig nie in krisistye die volk se vlees hard en selfs rou druk nie, op 'n genadelose, streng wyse, net soos die noodlot wat 'n mens moer tem. Sonder dissipline, sonder militêre inbors, staan die mens weer teenoor sy natuurlike swakhede; ek praat hier van die gewone mens, want die held is 'n uitsondering. Hier is daar miskien minder van 'n helde-tradisie as elders. Die Boer se eerste bekommernis is sy veiligheid. Om kragte te meet met die teenstander word eers vir hom belangrik wanneer hy hom omring het met die klippe van 'n koppie. Dié wat aanval, of liewer dié wat opgelei kan word om aan te val, is dus des te meer bewonderenswaardig en seldsaam, omdat dit in teenstelling is met al die beginsels van hul opvoeding. Hul uitstekende perde en hul akkurate skietkuns maak van die Boere teeustanders om mee rekening te hou; maar om van hulle helde te maak, gaan juis teen hul natuur in. Die aanvanklike sukses van die operasies het die massa aangemoedig; die agterlaat van hul huse was te onlangs om pynlik te wees, maar die mislukkings na vyf maande se kampanjes stuur af op 'n ramp. Hier lyk dit onvermydelik dat dit net 'n kwessie van 'n paar uur is.<sup>94</sup>

- 94 Mais à quoi bon les combinaisons? Avant, il n'y avait pas de généraux; maintenant, en outre, il n'y a plus d'hommes. Sur les routes, on les voit filant, se dérobant avec leurs chevaux de main. La désertion est complète, comme la démoralisation au fond. Ceux qui sont francs vous interrogent, anxieux sur la fin de la guerre, ceux qui posent encore sont, en général, les francs-fileurs qui cherchent à se faire une attitude come correctif à leur lâchage. Il y a toujours eu dans les laagers trois sortes d'hommes; ceux qui se battent par tempérament ou conscience, l'élite, le dessus du panier; ceux qui restent toujours au laager, le poids mort qui ne compte que pour les distributions; ceux qui ont des relations, une protection d'un membre du Volksraad, donc l'existence se passe en permissions et qui se font d'autant plus chauvins qu'ils s'éloignent davantage du front. Pourquoi s'en étonner? Ces choses dans un état social et politique quelconque sont inévitables, si le lien militaire ne vient serrer, fût-ce à vif, la chair d'un peuple aux heutes de crise, impitoyable et fort comme la destinée qu'on doit dompter. Sans discipline, sans vertu militaire, l'homme se retrouve avec ses défaillances de nature, l'homme ordinaire s'entend, car le héros est l'exception. Ici, la tradition héroïque apparaît peut-être moindre qu'ailleurs. Le premier soin du Boer est de parer à sa sûreté. Se mesurer avec l'adversaire ne lui importe qu'après s'être ceinturé des blocs d'un kopje. Ceux qui attaquent, ou plutôt qu'on pourrait dresser à l'attaque, sont d'autant plus admirables et rares que c'est les mettre en contradiction avec tous les principes de leur éducation. Leur admirable cheval et la précision de leur tir font des Boers de sérieux adversaires; vouloir les monter en héros, c'est aller précisément à l'encontre de leur nature.



D'Etchegoyen (1901: 28) deel sy bevelvoerder se siening:

[...] we shall never find among the Boers that eagerness, that scorn of death, that enthusiasm which sweep troops forward and make great victories.

Lugan (1998: 130) wys daarop dat die Boere-kommandement se probleem juis was om hul landbouer-manskappe, wat nie gehuiwer het om met oestyd die kommando's te verlaat nie, op die slagveld te hou. Hierdie klaarblyklike gebrek aan dissipline was een van die kenmerke van die Boere-leër wat waarnemers opgeval het:

'n Dissipline wat nie op ondergeskiktheid berus het nie, maar op prestige en op ouderdom. Niks was vreemder nie as die hiërargiese begrip by hierdie leër saamgestel uit vry burgers wat almal gelyk was onder mekaar.<sup>95</sup>

#### 4 Franse bloed in Boere-are

Villebois skud met vertedering die hand van Boere met Franse name. Een van die redes vir sy affiniteit met die Boere-saak was dan ook die bloedbroerverwantskap wat hy tussen hom en die nasate van die Franse Hugenote gesien het:

Ek is geroer deur my ontvangs in al die laers en het de Villiers'e en Malherbes ontmoet wie se harte so Frans klop dat dit vir my 'n riem onder die hart was.<sup>96</sup>

Hoewel dit nie pertinent deur Villebois genoem word nie, was sy bewondering vir Kruger miskien ook beïnvloed deur die Transvaalse president se Hugenote-verbintenis: Kruger het in 1842 getrou met Maria du Plessis, 'n afstammeling van die Hugenote; na haar dood in

Si le succès a pu stimuler la masse au début des opérations, alors qu l'abandon du foyer se trouvait trop récent pour être douloureux, les revers, après cinq mois de campagne, entraînent le désastre. Ici il apparaît certain, ce n'est qu'une question d'heures (VM 295-7).

95 Une discipline qui n'était pas fondée sur la subordination mais sur le prestige et sur l'âge. Rien n'était plus étranger que la notion de hiérarchie à cette armée composée de libres citoyens tous égaux entre eux.

96 J'ai trouvé une réception touchante dans tous les laagers et fait connaissance de de Villiers, Malherbe, tous si français de coeur que j'en suis ému (VM 63).

1846, trou hy met nog 'n Hugenote-afstammeling, haar niggie, Wilhelmina du Plessis, wat 17 kinders sou baar.

Op 25 Desember sluit Villebois homself in by die groep Boere aan die Tugela deur die gebruik van die woord "ons" in sy inskrywing,<sup>97</sup> so ook op 30 Desember:

En die Engelse wat dink ons sal knak onder die aanhoudende swak bestuur van ons oorlogskantoor!<sup>98</sup>

Die Franse kolonel se waardering vir die Boere het waarskynlik ook te doen met die bewondering wat laasgenoemde vir sy vaderland het, 'n opinie wat hy nie meer volledig kan deel nie. Op die laaste dag van 1899 kyk hy terug op sy ontgogelings van die verlede:

Hier glo mense nog in Frankryk omdat die Boere nog lewe met die illusies van tweehonderd jaar gelede, maar dié van ons wat van Frankryk af kom!<sup>99</sup>

Die Boere sien egter geen spesiale band tussen hulle en die Franse lede van die Suid-Afrikaanse "Vreemdelingelegioen" nie, asof daar geen verskil was tussen die uitlanders wat aanleiding gegee het tot die konflik en hierdie nuwe, vreemde aankomlinge met wie kommunikasie moeilik en soms onmoontlik was nie. D'Etchegoyen (1901: 60) beskryf hoedat met hul ontmoeting in Kimberley Villebois se lot reeds beseël was:

Even at that stage a look of sadness had stamped itself upon his face; he saw that the men for whom he was to lay down his life would not follow the counsels dictated by his profound knowledge and unquenchable devotion.

D'Etchegoyen (1901: 112) noem ook dit wat Villebois verswyg: die afguns wat volg op die Kolonel se aanstelling as veggeneraal op 20 Maart:

97 VM 81.

98 Et les Anglais qui pensent nous user par suite de la mauvaise gestion prolongee de notre commissariat de la guerre! (VM 93).

99 Ici l'on croit encore a la France parce que les Boers vivent sur leurs illusions d'il y a deux cents ans, mais nous qui en venons! (VM 94).

But scarcely had this just and intelligent resolution been passed, when jealousy, pride, and fear of seeing a stranger succeed where they themselves had failed took possession of the Burghers and the orders to concentrate were never carried out.

Wanneer Villebois sy Europese Legioen toespreek op 20 Maart, herinner hy hulle aan hul bloedband met die Boere:

We see around us a worthy people, who are threatened with the loss of their rights, their property, and their liberty, for the satisfaction of a handful of capitalists.

The blood which flows in the veins of this people is partly French blood. France, therefore, owes them some manifestation of sympathy (D'Etchegoyen 1901: 114).

Ironies genoeg kon Villebois se Boere-Franse nie eens sy naam uitspreek nie en het dit verafrikaans na *Willeboer*.

### Slotopmerkings

Die *Kampanje-Joernaal*, wat op 14 November 1899 in Lourenço Marques begin is, eindig op 4 April 1900, 'n dag voor Villebois se dood buite Boshof. Die boek waarmee hy gehoop het om met sy terugkeer na Frankryk die Britse leuens aan die kaak te stel, is nooit geskryf nie. Indien die *Kampanje-Joernaal* beskou word as 'n soort rofwerk daarvan, kan die leser spekulêr oor die skrywer se gevolgtrekkings, of dit ook sou getuig het van bewondering vir die Boere se goeie morele eienskappe, maar ongeduld en moedeloosheid met hul besluiteloosheid. Die *Joernaal* gee 'n aanduiding van die rigting waarin Villebois se siening van die Boere ontwikkel het: as dié van passiewe landbouers wat verdedig het toe hulle moes aanval, en wat uiteindelik die prys daarvoor betaal het. Is dit 'n verdere ooreenkoms met Cyrano de Bergerac, "die romantiese idealis wat voortdurend verydel is omdat die materiaal waarmee hy probeer het om sy idealisme uit te druk, dit nooit waardig was nie"?<sup>100</sup>

In sy Boshofse marsbevel vir 4 April 1900 (wat in die Transvaalse argief in Pretoria bewaar word), meld Villebois dat elke manskap 'n wit sakdoek agter aan sy hoed moes vasmaak om homself herkenbaar te maak. Die aanval op Boshoff sou nooit plaasvind nie. Villebois en sy bittereinders (20, volgens Roy Macnab; 65, volgens sy aide-de-camp, Pierre de Bréda),<sup>101</sup> het hulle in 'n oormag vasgeloop; meer as vier ure lank moes hulle die Britse koeëls trotseer. Selfs onder hul wit sakdoeke was hulle maar net te herkenbaar vir die Britte wat met jubelende jagkrete nader beweeg het.

Miskien is die virtuele wit sakdoek die beste embleem van Villebois se kort, oor die algemeen teleurstellende verblyf in Suid-Afrika: 'n nederige, onflambojante herinnering aan Cyrano de Bergerac se wit pluim.

101 Lugan 1998: 295.

## Bibliografie

GREENSPAHN F E R (ed)

1991. *Essential papers on Israel and the ancient Near East*. New York: New York University Press.

LUGAN B

1990. *Le La Fayette de l'Afrique du Sud — Colonel de Villebois-Mareuil*. Monaco: Editions du Rocher.

1998. *La guerre des Boers 1899-1902*. Paris: Perrin.

MACNAB R

1975. *Die Franse kolonel*. Kaapstad: Tafelberg.

PLOEGER J

1988. Die Franse Kolonel — Veggeneeraal Graaf Georges Henri Anne-Marie Victor de Villebois Mareuil (1847-1900). *Militaria* 18 (4): 5-8.

ROSTAND E

1911. *Cyrano de Bergerac*. Paris: Charpentier et Fasquelle.

SAGGS H W F

1991. The divine in history. Greenspahn (ed) 1991: 17-48.

VILLEBOIS-MAREUÏL G

1902. *Carnet de campagne*. Paris: societe d'editions litteraires et artistiques.

D'ETCHEGOYEN (skuilnaam: An Ex-Lieutenant of General de Villebois-Mareuil)

1901. *Ten months in the field with the Boers*. London: William Heinemann.